



Apploius



BEOORDELAARSPANEEL 2022

CHRISTO BURGER



Christo voltooi sy studies aan die Universiteit van Pretoria in die Uitvoerende Kuns met koorleiding as fokus. Hy verwerf ook sy BMus en BMusHons in die Uitvoerende Kuns, albei cum laude. Hierna volg sy MMus, steeds in die Uitvoerende Kuns.

Sy koor, die Akustika Chamber Singers, word onder sy bekwame leiding sedert 2010 as die tweede beste gemengde koor gelys. Christo is ook 'n gereelde beoordelaar vir internasionale koorkompetisies in Europa en Suidoos-Asië.

Die volgende kore spog met musiektoekennings onder sy leiding:

Akustika Chamber Singers, 2018: Vyf goue medaljes en die *Champion of the World Choir Games-titel* vir die kategorie, *Musica sacra a cappella*, by die Wêreldkoorspele in Tshwane, Suid-Afrika.

Jakaranda Kinderkoor van die Universiteit van Pretoria, 2018: 'n *Goue medalje* by die Wêreldkoorspele in Tshwane, Suid-Afrika.

Akustika Chamber Singers, 2015: 'n *Goue medalje* by die *Grand Prix of Nations* in Magdeburg, Duitsland.

St Mary's DSG Pretoria, 2015: 'n *Goue medalje* by die *A Voyage of Songs International Choir Competition* in Bangkok, Thailand.

St Mary's DSG Pretoria, 2014: 'n *Cum laude-benoeming* en *algehele wenner* van die ATKV-Apploos Nasionale Koorkompetisie in Pretoria, Suid-Afrika.

Akustika Chamber Singers, 2010: 'n *Goue medalje* en *algehele wenner* van die *Concorso Chorale Internazionale* in Riva del Garda, Italië.

UP Camerata, 2010: 'n *Goue medalje* by die *Bratislava International Choir Competition* in Bratislava, Slowakye.

Akustika Chamber Singers, 2008: *Algehele wenner* van die Pavarotti-toekenning en die *Choir of the World-titel* by die Llangollen International Eisteddfod in Wallis, Verenigde Koninkryk.

UP Jeugkoor, 2004: 'n *Goue medalje* by die Wêreldkoorspele in Bremen, Duitsland.

Christo is ook die regisseur en dirigent van die gemeenskapsmassakoor, Capital Singers, en aanbieder van die gewilde dirigentewerkswinkels, The Conducting Cartel. In 2022 maak Christo sy debuut as rolprentkomponis met die klankbaan vir die KykNET-kortfilm *Vrywater* by die Silwerskermfees.



GI SELA DE VILLIERS



Gisela voltooi haar BMus in die Uitvoerende Kuns aan die Universiteit van Pretoria, en slaag haar UOLM- en UBLM-lisensiaatseksamen by Unisa.

Hierdie begaafde pianis, sanger, komponis en koorleier rig onder meer die koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria af, asook die koor van Hoërskool Waterkloof. Die Verre-Noord Jeugkoor en die destydse Pietersburg Stadskoor het ook by haar bekwame afrigting gebaat.

As komponis word haar komposisies landswyd en internasionaal gepubliseer en opgeneem. Kunstenaars en kore voer ook gereeld haar solowerke uit. Dink maar aan Jannie du Toit se treffende vertolking van Gisela se Die eggo van jou oë. Nog bekende werke van haar is Lied 518 in die Liedboek, en *Lemoenliedjie*, 'n driestemmige koorwerk in die Nuwe FAK. Haar toonsettings van Spreuke, gedigte en eie tekste is in 2018 by die Woordfees in Stellenbosch uitgevoer. Tydens haar optredes het Gisela die gehoor genooi om gedigte te bring wat sy daar en dan op die verhoog getoonset het.

Gisela is ook 'n teksvertaler van onder andere 15 Schubert Lieder in Afrikaans, asook ander solowerke en koorwerke uit Frans, Latyn en Engels. Sy reik ook CD's uit, naamlik *Die deur is oop*, *Tussen vriende*, *Songs of fire and Ice* en *Gisela se Songboek 1*.

In 1981 is sy as die nasionale wenner van die ATKV-Crescendo-kompetisie aangewys, en vandag tree sy internasionaal op as kabaretkunstenaar in Wene, Venesië, Duitsland en Praag. Sy bied ook koor- en sangmeester-klasse in hierdie lande aan.

Gisela tree as beoordelaar op vir Applous, die Nasionale Koorkompetisie van die ATKV, asook vir verskeie eisteddfods landswyd. Haar benadering is *bou – nie breek nie*, en met hierdie uitgangspunt is haar werkswinkels baie gewild.

Sy is as direkteur betrokke by Infullvoice Productions, 'n maatskappy wat jong sangers oplei, en is ook 'n stemafrigter vir soliste van die organisasie, Music is a great investment, oftewel MIAGI.



HANNELIZE DU PLESSIS



Hannelize begin haar koorondervinding as lid van die Pretoriase Kinderkoor.

Sy sing in die Universiteitskoor van Pretoria tydens haar BMus-studies.

Sy was onderskeidelik vir 16 en 14 jaar lank dirigent van die kore van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria.

Hierdie kore ontvang goue medaljes tydens deelname aan die Wêreldkoorspele in Graz (Oostenryk), Bremen (Duitsland) en Xiamen (China). Hulle word ook aangewys as wêreldkampioene in hul kategorieë.

Onder haar leiding wen die Meisieskoor 'n internasionale koorkompetisie in Bratislava met 'n persentasie van 98%.

Sy woon wêreldkoorsimposiums by in Sydney (Australië), Rotterdam (Nederland) en Minneapolis (VSA), en ontvang meesterklasse by Eric Ericson in Praag (Tsjeggië).

Hannelize was ook dirigent van die Gauteng Jeugkoor.

Sy ontvang die FAK-kultuurtoekenning vir haar aandeel in die bevordering van koorsang onder die jeug.

Tydens haar verblyf in Pretoria was sy deeltydse dosent by die Suid-Afrikaanse Koorakademie.

Sy tree op as beoordelaar by eisteddfods en is sedert 2012 rondreisende beoordelaar vir die ATKV-Apploous Nasionale koorkompetisie.

Hannelize bied koorwerkwinkels aan en doen graag konsultasiewerk vir skoolkore en dirigente.

Hoërskool Bellville is in Julie 2018 onder haar leiding by die Wêreldkoorspele aangewys as wenner van die Kategorie vir Gemengde Jeugkore.



SIDUMO NYAMEZELE



Sidumo is in Cradock in die Oos-Kaap gebore en het aan Matthew Goniwe High School gematrikuleer. Daarna het hy sy Diploma in Musiekonderrig en ook sy Gevorderde Diploma in Koordirigering by die Universiteit van Port Elizabeth voltooi. Hy het as 'n assistentdirigent vir die UPE-koor onder leiding van Junita Lamprecht begin.

Hy het intensiewe blootstelling ontvang en ervaring opgedoen deur sy deelname aan verskeie nasionale en internasionale feeste, onder meer in Oostenryk, Portugal, Noorweë, Filippyne, Spanje, Amerika en Suid-Afrika.

Sidumo het al verskeie uitnodigings na Europa en Noorweë ontvang vir somerskoolwerkswinkels in koordirigering en hoe om tradisionele Afrika-musiek te dirigeer.

Benewens sy aanstelling as dirigent van die DF Malherbe Hoërskool is hy ook in 2001 aangewys om die Suid-Afrikaanse Jeugkoor in Winterton by die Drakensberg Seunskoor vir formele en tradisionele Afrika-musiek te dirigeer.

Hy het dirigeerlesse by prof. Kare Hanken ontvang en by prof. Svein Bjorkoy sanglesse geneem. Benewens die feit dat hy met kore soos die Pro Cantu Jeugkoor in Kaapstad, die Oos-Randse Jeugkoor en die UP Camarata gewerk het, het hy ook al met die Oos-Kaapse Jeugkoor, Cantus Dameskoor (Noorweë) en Port Elizabeth Technikon-koor gewerk en is hy 'n voltydse musiekonderwyser by St John's College. Hy is ook 'n stigterslid van CHORISA (Koorinstituut van Suid-Afrika).

Sidumo was dirigent van die Wêreldjeugkoor in 2007/2009. Hy het ook ingestem om meesterklasse te fasiliteer en om massakore te dirigeer in Israel, Mauritius, Noorweë, België en Duitsland. Verder het hy koorkompetisies soos GACMA, ATKV-Appous Nasionale Koorkompetisie en die Suid-Afrikaanse Skoolkore-kompetisies beoordeel. Sidumo het onlangs teruggekeer uit Noorweë waar hy seminare aangebied het vir die National Children/Youth Festival.

Hy het 'n uitnodiging ontvang om 'n meesterklas aan te bied en 'n opvoering te dirigeer vir Choralies of Vaison-la-Romaine in die somer van 2016, en in 2017 is hy genooi om by 'n seminaar in Duitsland te dirigeer.



GERRIT SCHEEPERS



Dr. Gerrit Scheepers is onlangs aangestel as assistent-professor in Musiek en direkteur van kore by die South Dakota School of Mines & Technology, een van die top-ingenieurs-universiteite in die Verenigde State.

Scheepers het 'n Baccalaureusgraad in Musiek aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Hy sit sy studies in die VSA voort en verwerf 'n meestersgraad in Musiek aan die Missouri State University, waar hy koorleiding onder Cameron LaBarr studeer. Daarna voltooi hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Washington onder Geoffrey Boers en Giselle Wyers.

Voor sy aanstelling by die South Dakota School of Mines & Technology was Gerrit direkteur van koorstudies aan die Indiana University of Pennsylvania. Hy was ook assistent-professor by die Musiekfakulteit en het die vlagskip-ensemble, die IUP Chorale, gedirigeer.

Gerrit het ook voorgraadse en nagraadse opleiding in dirigeerkuns, koorliteratuurstudies en stemonderrig ontvang, en word gereeld genooi om as gasdirigent vir verskeie hoërskole en feeste regoor die Verenigde State, Europa en Suid-Afrika op te tree.

